# die wapad

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

DEEL XIV VRYDAG, 20 MAART 1959 NR.


# P.U-DOSENT NA MOSKOU

**Mnr. J. F. de Beer, lektor in Fisika aan die Universiteit, vertrek in die Junievakansie na Moskou, waar hy 'n referaat voor die konferensie van die International Union of Pure and Applied Physics gaan lewer. So 'n konferensie word om die twee jaar gehou, en geleerdes wat aktief werk aan aktuele probleme, neem op uitnodiging daaraan deel. Twee jaar gelede is die konferensie in Noord-Italië gehou, en mnr. De Beer was toe ook uitgenooi.**

Mnr. De Beer het drie jaar gelede 'n beurs van die „United Kingdom Atomic Energy Authority" ontvang vir verdere navorsing in Engeland. In Engeland het mnr. De Beer navorsing gedoen by die "Atomic Energy Research Establishment" in Harwell, waar die navorsing uitsluitlik gewy word aan die vredestydse aanwending van atoomenergie.

Hierdie Instituut het ongeveer 6,000 werknemers en beskik oor uitstekende navorsingsfasiliteite, iets wat in Suid-Afrika baie gemis word. Geldelike probleme, wat merendeels verantwoordelik is vir tekorte aan universiteite hier, is daar geen probleem nie. Die apparaat, wat miljoene ponde werd is, getuig daarvan. 'n Enkele eksperimentele atoomsuil mag maklik £50 miljoen kos — en daar is verskeie daarvan.

Die Instituut het 'n aparte navorsingsprojek i.v.m. kosmiese strale Mnr. De Beer het navorsing gedoen i.v.m. die deurdringende komponent van groot uitgebreide kosmiese straalbuie, maar die resultate van sy werk is nog nie bekend gemaak nie. Die referaat wat hy by die konferensie in Moskou gaan lewer, handel juis oor hierdie resultate, wat dus daar vir die eerste keer bekend gemaak sal word.

Mnr. De Beer vertrek in Junie per vliegtuig na Londen, vanwaar hy na Moskou gaan.

# IPSO FACTO?

## A.S.B.-KONGRES TE PRETORIA

REEDS GERUIME TYD WORD DAAR BESWAAR GEMAAK DEUR SEKERE UNIVERSITEITE TEEN IPSO FACTO-LIDMAATSKAP VAN DIE A.S.B. ASOOK TEEN DIE GRONDSLAG NL. CHRISTELIK-NASIONAAL. DIE PROBLEEM WORD AS VOLG GEFORMULEER: „DIE A.S.B. BEVAT IN SY UITGANGSPUNT 'N INNERLIKE TEENSTRYDIGHEID. ENERSYDS PROBEER HY 'N AFRIKAANSE KULTURELE STRYDORGANISASIE TE WEES WAT DIE SEKSIONELE BELANGE VAN DIE CHRISTELIK-NASIONALE STUDENT WIL BEVORDER. ANDERSYDS PROBEER HY OM 'N INTER-UNIVERSITêR VERTEENWOORDIGENDE ORGANISASIE TE WEES WAT DIE ALGEMENE STUDENTEBELANGE VAN ALLE GEAFFILIEERDE SENTRA WIL BEVORDER." DIT IS BAIE KERNAGTIG GEFORMULEER DIE PROBLEEM SOOS STELLENBOSCH DIT INSIEN.

**Met hierdie standpunt van Stellenbosch kom Art. B. (i) en F. (i) (a) van die Grondwet van die Afrikaanse Studentebond in gedrang. Dit is die artikels wat spesifiek handel oor Christelik-Nasionale grondslag en ipso facto-lidmaatskap. Stellenbosch beweer dan dat ipso facto-lidmaatskap nie gebruik kan word in 'n liggaam wat staan op 'n Christelik-Nasionale grondslag nie, omdat alle lede wat dan ipso facto-lid is van die A.S.B., nie die Christelik-Nasionale grondslag sou onderskryf nie. Volgens hulle is dit onmoontlik en ook blykbaar onwettig om dit te verwag van enige student. Dit is dan die dualisme wat gesien word in die A.S.B.**

**GEEN DUALISME.**

Aan die anderkant is die standpunt van die P.U. vir C.H.O. kortliks soos volg: dat ons geen so 'n dualisme in die A S.B. kan sien soos wat Stellenbosih beweer nie, omdat

(a) die lidmaatskap van enige organisasie kan nie uitsluitlik kwantitatief gesien word nie, maar is ook kwalitatief bepaald. **Kwantitatief** sien op die som-totaal van die lede van die A.S.B. Dit is die aantal studente van die Afrikaanse Hoër opvoedkundige inrigtings, waarby ook Engelssprekende studente ingesluit kan wees. **Kwalitatief** sien op die algemene aard van die ledetal. Hier word die ledetal in sy geheel gesien en tree die tipiese karaktertrek van die ledetal as geheel na vore. Ter illustrasie hiervan kan ons verwys na die Afrikanervolk. Indien die ledetal van die Afrikanervolk bloot kwantitatief gesien word, sal daar geen moontlikheid bestaan om die Afriaknervolk se karaker vas te stel nie. Dit sal dan neerkom op 'n soort Calvinistiese, liberalistiese, humanistiese, materialistiese ens., ens , volk.

Kwalitatief gesien egter word die karakter van die volk gesien as Calvinisties en as Christelik-Nasionaal, nie omdat al die lede sonder uitsondering Calvinisties of Christelik Nasionaal is nie, maar omdat dit die karaktertrekke is wat ons volk onderskei van ander volke, en omdat dit die kern is. Heeltemal soortgelyk is dit in die geval van lidmaatskap van die A.S.B.

(b) Die grondslag van 'n organisasie soos die A.S.B. kan nie uitsluitlik kwalitatief gesien word nie, maar in sekondêre sin ook kwantitatief. In die eerste plek is die grondslag van die A.S.B. kwalitatief, d.w.s. Christelik-Nasionaal in sy enge sin, die algemene kenmerke van die Christelike Nasionale beginsel, die tipiese, waarop die A.S.B. in sy kern staan.

Aangesien egter die ledetal van die A.S.B. ook kwantitatief is, is dit duidelik dat die lede almal verskillende mense is, wat byvoorbeeld in Christelik-Nasionaal nie almal presies dieselfde sien nie. Die een mag sekere aspekte daarvan meer beklemtoon as die ander en sommige mag dit anders toepas as die ander. In hierdie sin, sekondêr, kan die grondslag ook kwantitatief gesien word, d.w.s. Christelik-Nasionaal in ruimere sin, juis omdat die ledetal uit 'n noodwendige verskeidenheid bestaan. In die lig hiervan is daar niks ongerymds ten opsigte van ipso-facto-lidamaatskap soos in die huidige bestand van die A.S.B. nie.

Ipso-facto-lidmaatskap by 'n organisasie, en 'n spesifieke grondslag van 'n organisasie is nie twee teenstrydige begrippe nie. Daar bestaan geen teenstrydigheid nie, maar wel 'n tweeheid wat mekaar aanvul en oorvleuel, sonder om mekaar uit te sluit

Die beswaar kan ingebring word dat die A.S.B. nogtans nie 'n verteenwoordigende organisasie kan wees nie, juis vanweë die moontlikheid van bedanking. Die moontlikheid van bedanking uit die geledere

(Vervolg op Bl. 7)

# BIBLIOTEEKBRAND 1949


## ONS BIBLIOTEEK TIEN JAAR OUD

(Artikel binne)



# HULLE BOU HOM!

## ONS NUWE KONSERVATORIUM



# die Wapad

**Redaksie en Administrasie**

| | | |
|---|---|---|
| HOOFREDAKTEUR en INTERUNIVERSITÊRE AANGELEENTHEDE | Nesco du Toit | 2911. |
| ONDER-HOOFREDAKTEUR en SPORT | Idyll van der Walt. | 2560. of X047. |
| NUUS | Dewald Roode en Frans van der Vyver | 1566. 1366. |
| KUNS | Enid Rautenbach | 1385. |
| VARIA | Proffie van Vuuren en Bets Coetzee | X041. 0013. |
| SPOTPRENTTEKENAAR | Ben van der Walt | 8611. |
| FOTOGRAWE | Johan van der Merwe en Marieke van der Merwe | 19. 281. |
| TEGNIESE ADVISEUR | Gouws Oberholzer | 2162. |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Rassie Smit | X042. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Bennie Bierman | 1188. |
| PENNINGMEESTER | Jan Kense | X09. |

**TAALADVISEUR** .......... **Dr. Hertzog Venter**

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**
VRYDAG, 20 MAART 1959




# REDAKSIONEEL
## VERBODE LEESSTOF

'n Mens se brein het glo 'n gewig van naastenby drie pond.

Ek voel dat mens meer gebruik daarvan moet maak.

Dink aan die pragtig gespierde nek wat joune kan wees met die korrekte gebruik van hierdie so oordeelkundig geplaaste gewig.

Dink aan die indruk wat jy kan maak met so 'n nek— die massiewe persoonlikheid wat so eie aan jou gaan wees.

Jy wat die bul ingesluk het.

**DINKMANIERE?**

Ek het vandag 'n koerant van die Universiteit van Natal ontvang: hulle noem hom NUX.

Op die voorblad pryk 'n foto van drie van hulle studente met bordjies om die nek — van links na regs:

„UNIVERSITIES not civil service departments"; „Do YOU wish to preside at the dissolution of the free Universities"; **„Opvoeding,** nie indoktrinasie nie."

'n Mooi foto.

Jammer dat die onderwerp van die plakkate effens uit fokus is.

Die mense is natuurlik nie op hoogte van sake nie— dit staan immers duidelik op die bordjies geskryf. Hulle het êrens gehoor van 'n wet op aparte Universiteite — en hulle skreeu dit uit. Die buitewêreld lees hulle plakkate en skreeu saam soos honger jakkalse.

Ons sê liewer niks.

As mens niks van 'n saak af weet nie, dan bly mens liewer stil. Dis niks minder as goeie maniere nie.

Ek sê ook so.

Julle moet **MY** nekspiere sien.

DIS TYD DAT **DIE WAPAD** WAKKER SKRIK.

DIS TYD DAT ONS LEER DAT MELKKOS EN KORSIES GEEN **HOOFDIS** KAN WEES NIE.

DIS TYD DAT HIER **STUDENTE** GEVORM WORD EN NIE AKADEMIESE WORSE NIE.

## TUSSENVERKIESINGSUITSLAE

**A.B.K.K.**

Nuwe sekretaresse: Mej. Petro Robbertse.

**Onderliggame van die A.B.K.K.:**

**Volkspele:**
Leidster: Mej. Petro Robbertse,
Add. lid: Mej. E. de Klerk.

**A.S.O.:**
Onder-voorsitter:
Schalk Hoogenboezem.
Add. Manslid:
Idyll van der Walt.

**Musiekvereniging:**
Add. dameslid:
Mej. Annemarie Lindhoudt.

**S.S.B.**

**Kieskollege van die S.S.B.:**
J. N. Taljaard (Tennis);
Rassie van der Westhuizen (Bofbal);
Hasie Howell (Krieket).

**Onderliggame van die S.S.B.:**

**Krieketklub:**
Kapt.: J. J. Howell,
O.-Kapt.: C. H. Weber.

**Dameshokkie:**
Add. lid: Ina Kleynhans.

**Manshokkie:**
Penningmeester:
Jakkals Reinecke.

**Korfbal:**
O.-kapt.: Marie Krüger.
Add. lid: Etta Scheepers.

**Tennis:**
O.-kapteine: Elme Faure.

**Bofbalklub:**
Kapt.: Albert Viljoen;
O.-kapt.: Frans de Bruyn.

**Werdajukskeilaer:**
Kapt: Faan Oosthuizen,
O.-kapt.: Clara de Jager,
Sekr.: Koos Yssel,
Pgm.: Nic Badenhorst,
Add. manslid: Louis Coetzee,
Add. dameslid Olga Hoffman.

**KORPS V.V.**
Add. manslid:
Krüger van Niekerk.

**A.S.B.**
Add. dameslid:
(Mej.) Petro Robbertse.
Add. manslid: Idyll v. d. Walt.

**STUDENTERAAD:**
Penningmeester:
Piet van Heyningen.
Onder-sekretaris:
Frans de Bruyn, jnr.

**A.S.B.:**
F. J. du Toit Lessing.


**Dames- en Herestudente!**

**„PARKSIG" Eiendomsagentskap**

kan daarvoor sorg as Pa en Ma in Potchefstroom wil kom woon. Vir die **Modernste Huise** op **DIE BULT.**

(Eienaar: G. Schoonhoven)

**Tel. 1486, na-ure 2057.**





CHRONIESE
LOU VERWARMERS?
Stook hom met
**OOSTHUIZEN se KOLE**
**Kerkstraat 104. Tel. 312**





**JANET says:**
for: • SWEETS
• GRILLS
• COOLDRINKS
Take me to the —
**Grand Cafe, President Cafe, or Van Riebeeck Cafe.**





**Dit sal**
*Joubert & Jacobs*
**wees Menere!**



**Vir al u**
**TRAPFIETSE, N.S.U.-BROMFIETSE, BROMPONIES, MOTORFIETSE, ONDERDELE, en HERSTELWERK,**
**besoek — PARK FIETSWINKEL**
(F. F. Tranter)
**H/v. Van Riebeeck- en Lombardstraat. Foon 995**
Asook: KRUIDENIERSWARE EN VARS PRODUKTE



**J. du Raan**
**HORLOSIEMAKER EN JUWELIER**
Gewaarborgde Herstelwerk aan Horlosies deur G. Barth wat sy opleiding in Duitsland geniet het.
**KERKSTRAAT 161**
**SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE**



**CENTRAL CASH STORES SUPER MARKET**
**Bespaar Geld!**
ONS IS EERSTE MET DIE SELFBEDIENINGSKEMA
**Bedien uself!** Bespaar Tyd!
**SELFBEDIENING**
. . . en sien wat u koop. Hierdie is die moderne koers
**Telefoon 164/1167** Wolmaransstraat 81
**POTCHEFSTROOM**





**U Fotograaf vir Kuns en Kwaliteit**
***ALF'S STUDIOS***
**KERKSTRAAT 133** **TELEFOON 2432**

# ONS BIBLIOTEEK TIEN JAAR OUD

—H. C. van Rooy

„ . . . . the character and efficiency of a university may be gauged by its treatment of its central organ — the library"— (Report of the University Grants Committee, 1921)

OP 23 FEBRUARIE, TIEN JAAR GELEDE, HET ONS BIBLIOTEEK AFGEBRAND — SONDER TWYFEL EEN VAN DIE GROOTSTE RAMPE WAT 'N UNIVERSITEIT KAN TREF. HOE LEWENDIG IS DIE HERINNERING AAN DIE GEBEURTENISSE VAN DAARDIE WOENSDAGMÔRE IN 1949 NIE NOG BY ALMAL WAT DIT BELEEF HET NIE!

Die vernietiging van ons ou biblioteek was egter terselfdertyd die begin van ons nuwe biblioteek wat dus nou tien jaar oud is. Hierdie tydstip bied 'n goeie geleentheid om die groei van die biblioteek en sy gebruik in oënskou te neem.

Op ons oproepe om hulp het boeke in duisendtalle uit alle dele van ons land en selfs vanuit die buiteland ingestroom, terwyl 'n groot aantal persone omtrent £10,000 aan geldskenkings bygedra het. Danksy hierdie ondersteuning en die milde wyse waarop die Universiteitsraad sy biblioteek gesubsideer het, het ons versameling studiemateriaal sodanig uitgebrei dat ons selfs enkele ander universiteitsbiblioteke verbygestreef het. Aan die einde van 1958 het ons totale boekevoorraad op 125,000 boekdele gestaan terwyl ons ongeveer 1,800 tydskrifte en ander vervolg-publikasies gereeld ontvang. Hoewel ons op verre na nog nie volledig toegrus is nie, besit ons die basiese werke wat nodig is vir die studie aan ons Universiteit.



Die Universiteitsbibliotekaris, Mnr. H. C. van Rooy

Wat die organisasie van die studiemateriaal betref, staan ons nog ver agter. Die vinnige toevloei van boeke het onmoontlike eise aan die biblioteekpersoneel gestel. Gesien die dringende behoefte, veral gedurende die eerste paar jaar, dat boeke wat ontvang is, so spoedig moontlik beskikbaar moet wees vir gebruik, kon hulle slegs voorlopig gekatalogiseer en volgens studievakke geklassifiseer word. 'n Personeel van vyf gekwalifiseerde katalogiseerders is tans besig met die herkatalogisering en die klassifikasie van die versameling.

Die Raad van die Universiteit het gedurende die afgelope tien jaar getoon dat hy bewus is van die belangrikheid van die biblioteek vir die Universiteit en dat die uitbouing van die biblioteek vir hom erns is. Daarvan getuig die ruim bedrae wat jaarliks bestem word vir die aankoop van boeke en tydskrifte en die uitbreiding van die biblioteekpersoneel van vier persone in 1949 tot twintig. **Dit is tewens 'n feit dat die P.U. vir C.H.O. 'n baie groter bedrag per student aan sy biblioteek bestee as enige ander universiteit in die land.**

Dit pas ons seker ook om ons rekenskap te gee van die gebruik wat teen hoë koste aan dosente en wat gemaak word van die biblioteek studente beskikbaar gestel word. Van die gemiddelde aantal studente van 1474 in 1958, was slegs 862 of 58.5% geregistreerde gebruikers van die biblioteek. Sou 612 van ons studente van verlede jaar reken dat hulle voldoende akademiese vorming ontvang het deur die gebruik van 'n paar handboeke en hulle klasaantekeninge? Van die 454 eerstejaarstudente van verlede jaar het 129 nie by die biblioteek geregistreer nie. Dis baie interessant om die eksamenuitslae van die 129 persone na te gaan. Slegs enkele van hulle het in al hulle vakke geslaag en 'n groot aantal het selfs in al hulle vakke gesak.

As ons biblioteek en sy dienste nog nie ten volle benut word nie, moet die fout m.i. in die eerste plek by die biblioteek, en met name by die universiteitsbibliotekaris gesoek word. Word daar genoeg gedoen aan die bekendstelling, die propagering van die biblioteek, sy inhoud, van belangrike hulpmiddele vir die oopspoor van verlangde inligting? Die feit is dat die aandag van die biblioteekpersoneel gedurende die afgelope tien jaar so in beslag geneem is deur die opbou van ons versameling dat daar van bevordering van die gebruik van die versameling nog niks tereg gekom het nie. Mag ons in staat gestel word om in die volgende tien jaar hierdie belangrike saak tot sy reg te laat om!

# OUD-STUDENTE!

**Nee, die rubriek is nog hier — hy is dié keer net 'n bietjie kort. Hier lê 'n sappige klompie stof in my laai, maar dit het net effens te laat gekom vir plasing. Geniet dus maar voorlopig die res van die 'PAD en stuur daardie intekenvormpies aan!**

**Tot volgende keer: Stywe lyne!**

# LABORATORIUM IN PUIN GELÊ

STUDENTE wat op Vrydag, 6 Maart 1959, om tweeuur in die Fisikalaboratorium teenwoordig was, is meteens wreed in hul studie gesteur deur die veraf gerommel van vallende betonblokke. Klasse is inderhaas ontruim, en dosent en student het skouer aan skouer deur die chaos heen gevlug. Paniese angs het die studente beetgepak, terwyl almal probeer het om so gou moontlik na veiliger oorde te verhuis. Party studente wat op hoër verdiepings was, verklaar dat die laboratorium op daardie tydstip reeds gevaarlik begin wankel het, en swaar skokke het die mure plek-plek laat bars.

KEWER.

Tussen dié histeriese menigte was 'n redaksielid van DIE WAPAD. Uit ondervraging van verskillende persone het geblyk dat die algemene opvatting bestaan het dat 'n kewer wat uit 'n naburige laboratorium ontsnap het, besig was om die laboratorium se fondamente uit te grawe. Een persoon, wat liewer nie sy naam genoem wil hê nie, het sy mening onderskryf deur te sê dat dié ding alreeds 'n tydjie gelede die bosse voor die laboratorium uitgeroei het met die doel om die laboratorium noukeurig te kan bespied. Tussen die vlugtelinge is 'n student gevind wat Sielkunde loop, en hy het onomwonde verklaar dat die verskynsel beslis 'n manie het om bosse en geboue te vernietig.

PUINHOPE.

Dele van die laboratorium het net nadat die grootste deel van die studente op veilige grond was, ingeval. Die dosente is vermoedelik tussen die puin begrawe, want tot dusver kon nog nie een opgespoor word nie. Reddingspanne werk onverpoos voort. Laat gisteraand is amptelik berig dat drie-en-dertig reeds uitgegrawe is. 'n Paar studente is die dag na die treurspel by die puinhope gewaar, waar hulle in die as rondgekrap het en na iets waardevols gesoek het. Waar die vorige dag nog die pragtige Fisika-laboratorium gestaan het, het toe slegs hopies as, verkrummelde betonblokke en glasstukke gelê.

* * *

TERREIN VERFRAAI.

Aan die terrein by die Fisika- en Chemielaboratoriums word sedert die begin van die jaar baie aandag bestee. Die sierlike bome voor die geboue het waardige plaasvervangers gekry in slanke elektriese pale. Die pad daarvoor word eersdaags geteer, terwyl na die laboratoriums sementpaadjies gelê is. Die muurtjies voor die Fisikalaboratorium is afgebreek op Vrydag 6 Maart, en die stuk grond daarnaas word opgeknap. Die kragtige "Caterpillar" van die Universiteit het handig geblyk te wees in die afbreek van die besondere muurtjie.

# *Briewe van . . . Ons Kritici en ander lesers*



Dawie du Plessishuis 26,
P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.
6 Maart 1959.

Die Redakteur,
DIE WAPAD,
P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.

Geagte Redakteur,

Daar is 'n paar punte waarmee ek met mnr. Id. van der Walt wil verskil betreffende sy artikel „Somersport Weeskinders", WAPAD — 6 Maart 1959.

Waarom voetbal nou juis die enigste sportsoort is waarin ons ons onderskei het en kan onderskei, is vir my nie duidelik nie. Ek wys u daarop dat die P.U.-spanne in feitlik al die W.T.-ligas nie die nodige mededinging het nie (S.S.B.-verslag, 1958), wat tog seker bewys dat ons sportsoorte hulle in hierdie provinsie meer as net onderskei het. Ons handhaaf in die Wes-Transvaal beslis van die hoogste standaard in Hokkie, Tennis, Tafeltennis, Stoei, Krieket ens. Ons eerste Manshokkiespan het verlede jaar gelykop gespeel met U.O.V.S., wat feitlik 'n gekombineerde Bloemfonteinspan was. Verder het die Manshokkiespan die Wes-Transvaalliga verskeie kere in die afgelope paar jaar gebuit en altyd onder die eerste drie geëindig. Wat stoei betref, is hulle seges by ons almal bekend. Wat Tennis betref, moet ek noem dat hierdie sportsoort in die afgelope paar jaar hom deeglik onderskei het.

Wat betref somersport, dink ek dat die toestand werklik nie so erg is as wat dit deur mnr. Van der Walt voorgestel word nie. Ek dink sommer so terloops aan Bofbaloorwinnings oor U.O.V.S. en Wits en dat ons Krieketspan telkens bo aan die Wes-Transvaalliga was.

Wanneer mnr Van der Walt die kwessies van langvakansie en afrigting aanraak, raak hy die kern van die probleem, maar wanneer hy van gebrek aan belangstelling praat, stem ek nie heeltemal met hom saam nie. Ek meen dat hy die saak teen 'n verkeerde agtergrond sien. Belangstelling is daar wel, maar jong sportsoorte, soos bofbal moet geleentheid gegee word om beter gevestig te raak in die Unie. Dieselfde geld t.o.v. krieket, wat ook maar die afgelope paar jare eers begin het om sy plek in S.A. se sportwêreld in te neem.

Nogtans is daar baie in mnr. Van der Walt se artikel wat 'n mens tot nadenke stem. Daar is nou 'n kommissie wat verslag uitbring oor sport aan ons Universiteit en veral soos dit vergelyk met ander universiteite, en enigiemand wat nadere besonderhede verlang met betrekking tot getalle, ens., is sekerlik welkom om dit te vra van bg. Kommissie.

Dankie,
(Get.) E. J. de Jager.

(Verkort.—Sportred.)

**(Graag vestig ek mnr. De Jager se aandag daarop dat die artikel oor SOMERSPORT handel. Rugby is slegs as voorbeeld van 'n wintersport geneem, terwyl ek nog nooit getwyfel het aan die bekwaamhede van ons klubs soos Stoei en Tennis, wat nie juis spesifiek onder somer of winter tuisgebring kan word nie. Mnr. De Jager haal baie bewyse aan, waarvan sommige hierbo uitge laat is. Ek g'o hom. Trouens, ek is bly om te hoor dat dit so goed gaan. Verder is ek bly dat mnr. De Jager die artikel gelees het. As meer studente dit wil doen, sal die artikel sy WARE DOEL bereik!— Id. W.).**

* * *

Heimat,
13 Maart.

Meneer,

Teenoor mnrr. Van der Walt en Schutte (DIE WAPAD, 6 Maart) wil ek graag stel dat daar geen fout met die inlywingsaksies is nie. Dat daar wel „psigiese afwykings" is, wil ek egter nie betwis nie:

Wat is bv. die gedagte van sommige kwasi-seniors om hulle plekke tussen die Drake te gaan inneem by uitkenningsparades? Dit lyk vir my na 'n „psigiese" manier om uit te vind of jy alombekend is.

Dit wil voorkom of die S.R. 'n heel ander saak het om oor „toesig" te hou as wat in die menere se skrywe gestel word.

Die uwe,
S. Pretorius.

(—Verkort. Ons verstaan u grief. Miskien sal dit help as u weer 'n slag mnrr. Schutte en Van der Walt se brief versigtig gaan lees.—Red.)




KWALITEIT?

INDERDAAD, MY VRIEND!

by

G. & H. JUWELIERS

129 Kerkstraat. Tel. 1031



DIENS!

OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .

Mooirivier-Apteek

Kerkstraat 205. Telefoon 380.

# KUNSBROKKIES

## VIOLIS EN KOMPONIS

MNR. ARTHUR WEGELIN is afkomstig uit Nederland, waar hy reeds op vyfjarige leeftyd die viool leer bespeel het. In latere jare word hy eerste violis van die stadsorkes van Utrecht en later Konsertmeester van die Amsterdamse Kamerorkes. In 1947 immigreer mnr. Wegelin na Suid-Afrika, en in 1951 aanvaar hy 'n betrekking aan die Musiekkonservatorium van die P.U. vir C.H.O.

Hier in Potchefstroom was mnr. Wegelin spoedig 'n gewilde violis en het 'n groot aandeel in die musieklewe geneem. Hy sit sy musiekstudie verder voort en behaal die B.Mus.- en M.Mus.-grade asook die F.T.C.L. in viool. In 1955 word hy aangestel as lektor in musiek aan die P.U. vir C.H.O.



Arthur Wegelin

Nie alleenlik is Arthur Wegelin 'n bevoegde violis nie, maar hy is ook 'n veelsydige komponis en komponeer by uitstek instrumentale musiek. Op die 22stte en die 23ste van hierdie maand sal Arthur Wegelin se nuutste komposisie vir viool en orkes, **Aria Sinfonica,** uitgesaai word. Volgens die komponis is hierdie komposisie modern en rapsodies van aard. Hy het die benaming, Aria Sinfonica gegee omdat die komposisie 'n aria vir die viool is waarin die orkes 'n fundamentele rol speel. In Juniemaand sal die Collegium Musicum hopelik 'n strykkwartet van mnr. Wegelin laat uitvoer.

Mnr. en mev. Wegelin hoop om D.V. in Juniemaand oorsee te gaan, waar hy hoop om sy studie o.a. in komposisie en vioolmetodiek voort te sit. DIE WAPAD se beste wense vergesel mnr. en mev. Wegelin.

### ANNA-ELIZABETH POHL

Die voorsitter van die P.U.-Musiekvereniging kan gelukgewens word met die geslaagde opening van die jaarprogram op Vrydag, 13 Maart, deur die beroemde dramatiese sopraan, Anna-Elizabeth Pohl.

### STEMKWALITEIT

Die sangeres beskik oor 'n stem wat besonder ryk van tekstuur is. Sy het baie goeie beheer oor haar dramatiese sopraan-stem, en dit was 'n genot om te hoor hoe suiwer en beheers dramatiese passasies van die opera-arias tot 'n onvergeetlike klimaks opgebou is. Veral in die hoë passasies het haar stem baie goed gedra, maar in die laere en sagte passasies was daar 'n hinderlike stemklank wat 'n vermufte effek gegee het.

### PROGRAMKEUSE EN VERTOLKING

Anna-Elizabeth Pohl se programkeuse was die teleurstelling van die aand: dit was net soos 'n spyskaart waarop daar 'n variërende menigte vermomde kossoorte is wat almal tog maar dieselfde smaak het en slegs enkeles substansiële spyse is. In haar vertolking het die sangeres ongelukkig nie rekening gehou met die individualiteit van die sestien verskillende komponiste nie maar het 'n standaardformule van interpretasie gehad: in elke sangstuk was daar dieselfde metode van nuansering, opbouing van dramatiese atmosfeer en behandeling van hoë note. Hierdie styl was baie effektief in die opera-arias, maar beslis nie gepas in die ragfyne style van Mozart en Scarlatti nie.

### BEGELEIDING

Daar was nie altyd volkome harmonie tussen die sangeres en die begeleidster, Ada Spencer, nie. Etlike kere was die begeleiding 'n bietjie oorverdowend en die tempo te vinnig aangegee, bv. in die Schumann. In die opera-arias was daar egter 'n goeie samewerking. Anna-Elizabeth se stemtekstuur is egter sodanig dat dit orkestrale begeleiding vereis om tot sy reg te kom. Die sangeres se uiters teatrale verhoogpersoonlikheid was soms ook hinderlik.

Ten slotte kom mens tot die gevolgtrekking dat Anna-Elizabeth Pohl oor 'n pragtige dramatiese sopraan-stem beskik en dat sy by uitstek operasangeres en nie liederesangeres is nie.

---

**Die Voortrekkers het nie vlerkies gehad nie, maar was o n d a n k s hul pionierswerk mense, met menslike swakhede: avontuursug, papbroekigheid, grootpraterigheid, vrydenke, bekrompenheid — en selfs immoraliteit: dit is beeld van ons voorgeslag wat blyk uit André P. Brink se jongste roman, DIE GEBONDENES, wat pas by die Afrikaanse Pers Bpk. verskyn het. Dis 'n roman wat in 'n uniale historiese romanwedstryd met 'n prys bekroon is, en die resultaat van baie maande se intensiewe navorsing. En die tema daarvan is die probleem van menslike vryheid en gebondenheid.**

**'n Resensie oor hierdie werk verskyn in die volgende Wapad.**

---

# KORREKSIES

Weens omstandighede gedeeltelik buite ons beheer, het 'n aantal hinderlike foute ingesluip in die artikel van prof. Stoker:

**Vooruitgang van Natuurwetenskap en tegniek en sedelike agterstand.**

Op twee plekke is die betoog onverstaanbaar gelaat deurdat dele van die teks weggelaat of op verkeerde plekke gedruk is:

Reël 14 van onder, kol. 2, bl. 3 moet lees:

„. . . slegte aan; en hoe sou bv. self- en naasteliefde, die stryd teen die kwaad en die verwesenliking . . ."

Reëls 19—17 van onder in kolom 3, bl. 4, moet kom ná reël 29 van onder. In reël 29 lees **ons ná op.**

Ons innige verskoning hiervoor asook vir 'n paar ander lastige foute.

---

# Oordenking

## Ellende, Verlossing, Dankbaarheid

**TEKS: Luk. 7 : 47:**

**„Daarom sê Ek vir jou: Haar sondes wat baie is, is vergewe, want sy het baie liefgehad; maar hy vir wie weinig vergewe is, het weinig lief."**

Is daar in ons tyd 'n skaarser artikel as LIEFDE? Nie blote vriendskapsliefde nie, maar ware, duursame, standhoudende liefde? Was daar aan die ander kant ooit so 'n vrugbare teelgrond vir eiegeregtigheid, selfverheffing as vandag? Luister . . . .

**1. Baie vergewing — baie liefde.**

Die gebeure tussen Jesus en die sondares het nie eers aan die tafel van Simon die Fariseër begin nie. Vóórdat iemand dankie sê, moet hy iets ontvang!

Deur Jesus se prediking en sy optrede kan ons ons voorstel hoe hierdie vrou tot skuldgevoel moes gekom het. Dié ontmoetings was nie vreugde nie maar stryd! Maar in haar verslae hart het die vertroosting van die deur Hom verkondigde liefde van die Vader neergedaal. Sy het begin begryp dat die Vader die verlore skaap weer opsoek. So het in haar duistere hart 'n ligstraal deurgebreek: Ook vir haar verwoeste lewe nog genesing! Vir haar skuld vergewing!

Toe moes sy na Jesus toe — uit dankbaarheid, met 'n hart vol van dankbare wederliefde.

**„Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het."**

**—(1 Joh. 4:19).**

**2. Weinig vergewing—weinig liefde.**

Teenoor die dankbare liefde van die sondares sien ons die afgemete, vormlike koelheid van die eersame Simon.

Jesus sê nie: „Hy wat weinig liefhet, verkry ook weinig vergiffenis nie, maar omgekeerd: „Hy vir wie weinig vergewe is, het weinig lief." En dat die liefde blyk is van die vergiffenis, het Simon self reeds erken (vs. 43).

By Simon was d.w.s. geen kennis van sy skuldvergewing, van sy verlossing nie. Ja, maar daaragter lê die gebrek aan sondebesef.

Hy is onvrugbaar vanweë sy eiegeregtigheid. In sy eiegeregtigheid lê die oorsaak van die kloof wat hom van Chirstus skei, die oorsaak van sy liefdeloosheid teenoor Jesus en die sondares — teenoor God en sy naaste.

As Jesus die liefde van die sondares sien, bevestig Hy sy eie werk: „Jou sondes is vergewe," — 'n lokkende uitnodiging vir Simon. Maar in die swye teenoor Simon lê sy veroordeling.

Die Fariseër, leef sterk in ons harte! Geld die woorde „hy het weinig lief" nie vir ons nie? Is die sondares nie vir ons 'n beskamende voorbeeld nie?

In die kennis van ons sonde en van die skuldvergewende genade van God lê die oplossing!

Hoeveel liefde het ons vir Christus en sy koninkryk? Tot welke offers van dankbare wederliefde is ons bereid? Dit hang af van ons bankrotskap voor God en ons rykdom in Christus as deelgenote en mede-erfgename van al Sy weldade!

H. Dykstra.

---



# STANDPUNTE EN STELLINGE



Ons „Alma Mater" sluit so nou aan by die beginsels en strewe van die P.U., dat daar haas geen byvoeging moontlik skyn te wees nie. Wat so kenmerkend is van die lied, is die volgehoue subjektiwiteit. Die student staan midde in die lied en vorm 'n onafskeidbare deel daarvan.

Die twee verse:

„Dis hier waar ONS studente leer
Tradisies van HUL volk te eer",

vorm vir my die kern van die nasionale karakter wat so eie is aan die P.U. vir C.H.O. Wanneer ek die twee verse nougeset woord vir woord nagaan, vind ek hoe die volgehoue subjektiwiteit verbreek word. Die student tree hier gans uit die toneel, en dis nie meer die lied van die student nie maar die lied van die leermeester wat trag om die tradisies van ons volk by ons tuis te bring. Die twee woorde ONS en HUL laat die verband tussen die res van die verse vervaag. Dit word gekenmerk deur vaagheid en onduidelikheid en hou myns insiens 'n verkeerde vertolking in wat werklik die bedoeling hoort te wees.

Veel duideliker, direkter en subjektiewer sou die vertolking wees as dit so gestel kan word:

„Dis hier waar ONS studente leer
Tradisies van ONS volk te eer."

Dan is dit nie die student wat geleer word nie maar wel die student wat self leer om ons volk se tradisies in ere te hou.

Ek sal waardeer as kritiek wat op die stelling uitgebring word, direk 'n verduideliking sal bied op die vir my vae verse.

G. J. L. SCHOLTZ.

---

**Die feit dat posgeld vanaf 1 APRIL verhoog word, laat dit baie na „fool"-spelery klink.**

* * *

**A woman only suffers in silence when she is alone.**

---




Vir daardie **hol gevoel** op die maag bak ons die **HEERLIKSTE VLEISPASTEITJIES**

**TURKSTRA BAKKERY**

(Edms.) Bpk.

KERKSTRAAT 61





**CLAUSTRO PHOBIA?**

★

**IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „ STUDIE"?**

**Maak daardie woord INTERESSANT en DUIDELIK —**

KOM NA

**PRO REGE PERS**

DIÉ POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL

BOEKHANDEL ANTIKWARIAAT

Kerkstraat 95 — Tel. 1164

# VAN STUDENTE-RAADSWEË



Die Studenteraad het gedurende die afgelope twee weke weer eens verskeie kere in 'n kring gaan sit en belangrike besluite in verband met studenteaangeleenthede geneem.

Die Studenteraadsvoorsitter, mnr. H. J. D. van der Walt, is deur die Studenteraad na die A.S.B.-kongres afgevaardig om hulle te gaan verteenwoordig op die Beleidsraadvergadering, terwyl mnr. A. N. Helberg as waarnemer gaan.

Daar is 'n besluit geneem om 'n Studenteraadswapen aan mnr. G. F. Robbertse, Prinsipaal te Ventersdorp, te skenk. Mnr. Robbertse was in 1923 die eerste S.R.-voorsitter van die Universiteit.

'n Volgende besluit was dat daar nie meer in die vervolg voortgegaan sal word met die voorlees van Jaarprogramme van hoofliggame voor die massa nie maar net voor hulle betrokke lede. Alleenlik sake wat die Massa raak, sal op Massa-vergaderings voorgelê en bespreek word.

Mnr. Francois Lessing is die nuwe verteenwoordiger van A.S.B. op die Studenteraad. Hy is gekies in die plek van mej. L. Raubenheimer, wat uit ons midde vertrek het.

Die Studenteraad het 'n besluit geneem dat daar ná sing-songs in die aande algemene sangaande gereël gaan word, waar nuwe liedjies aan die studente geleer gaan word. Ons stem volmondig saam met die Studenteraad vir die instelling van sulke aande waar die liedjies geleer kan word, want studente is mos maar 'n singende gemeenskap.

Die Studenteraadsekretaris, mnr. G. A. Hattingh, is tans hard besig met die opstel van datums vir die jaar se werksaamhede. Hy het my meegedeel dat indien daar enigeen van die liggame 'n spesifieke datum in die oog het, hulle dit so gou moontlik by hom moet indien. ...

# TWEE DAMES BEHAAL DOKTORSGRADE

**Tydens die gradeplegtigheid vanjaar sal twee dames, mejj. M. K. P. Meyer en C. P. Calitz doktorsgrade ontvang. Dit sal die eerste keer in die geskiedenis van die P.U. vir C.H.O. wees dat vroue hierdie hoë akademiese toekenning sal ontvang.**

Mej. Calitz is tans prinsipale van die Huishoudskool op Zastron en het die graad D. Ed. behaal. Nadat sy haar B.A.-graad aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat behaal het, asook haar onderwysopleiding daar voltooi het, het sy agtereenvolgens die grade B.Ed., M.Ed., D.Ed., aan die P.U. vir C.H.O. verwerf. Prof. dr H. J J. Bingle was haar promotor.

Mej. Meyer ontvang die graad D.Sc. met onderskeiding. Sy is die eerste persoon wat 'n doktorsgraad in Dierkunde aan dié Universiteit behaal. Na voltooiing van haar B.Sc.-graad in 1951, wat sy met onderskeiding in Dierkundie behaal het, het sy met behulp van 'n navorsingsbeurs wat deur die W.N.N.-R. aan haar toegeken is, haar studies vir die graad M.Sc. voortgesit. Na afloop hiervan is 'n betrekking te Onderstepoort aan haar gebied, maar sy het verkies om verdere navorsing te doen. Terwyl sy voltyds in die katalogiseerafdeling van die Universiteitsbiblioteek gewerk en terselfdertyd die diplomakursus in Biblioteekkunde aangepak het, het sy navorsing in die Dierkunde-departement onder Dr. P. A. Ryke gedoen. Haar ywer is ten volle beloon en op 18 April tydens die gradedag van die Universiteit, sal sy die graad D.Sc. met onderskeiding ontvang.

# Ontheffingsdinee

Die jaarlikse ontheffingsdinee, aangebied onder voorsitterskap van mnr. Jan Ras, het tot groot vreugde van menige draak en door op Saterdagaand, 28 Februarie, plaasgevind.

Op die verhoog is die ontwikkeling van ons geagte eerstejaars van „lelike eendjies tot sierlike swane" voorgestel.

Dat die studentesaal reeds te klein geword het, het geblyk uit die feit dat sommige pare nie sitplek kon kry nie en op die galery moes gaan plaasneem.

Onder die aanwesiges was die Rektor, prof. J. Chris Coetzee, en mev. Coetzee, prof. en mev. S. du Toit, prof. en mev. J. J. Snyman, prof. en mev. H. L. Swanepoel, dr. W. D. Jonker (nuwe studenteleraar van die N.G. gemeente Potchefstroom-Noord) en mev. Jonker, dr. en mev. S. Duvenage en ds. en mev. J. L. Vorster.

Prof. Swanepoel het 'n heildronk ingestel in die algemene rigting van die eerstejaars, terwyl die Rektor geantwoord het namens die rypere (sic!) element van die studerende gemeenskap.

Japie du Toit het dit gehad namens die eerstejaars.

Ook die S.R.-voorsitter kon by hierdie geleentheid van oorsee terugverwelkom word.

Mnr. L. Porter het gesorg vir 'n bietjie klaviermusiek, terwyl mej. Esmé van Rensburg DIE WAPAD se advertensiebestuurder bygestaan het met die sing van 'n duo. Baie gepas was mnr. Badenhorst se „Drinklied" van Eitemal.

Mnr. Ras en sy komitee moet gelukgewens word met 'n oulike dinee. (Daar was nog 'n spreker: Mnr. Hans van Zyl — Hy het niks te sê gehad nie).





TYD OM BESTANDDELE IN TE NEEM IN DIE UNIVERSITEITS-VOEDSELWONINGS.

**Losies vir Studente**


# DIE S.R.-VOORSITTER OOR INLYWING

In u rubriek: **„Standpunte en Stellinge"** in Die Wapad van 6 Maart, verskyn daar 'n artikel getiteld: **Ontgroening, Inlywing of Toeliggende Verwelkoming.** Ek wil graag een en ander daaroor sê.

In hierdie artikel word 'n aanval gemaak op ons inlywingsaksies: 'n aanval wat op sigself nie van veel waarde is nie, omdat hoegenaamd geen positiewe wenke aan die hand gedoen word nie. Die skrywer van die artikel erken self dat hy nie weet waarheen nie, maar nogtans kritiseer hy.

Ek wil erken dat ek heeltemal saamstem met sy uiteensetting van die doel van ontgroening, maar ek wil verskil van sy antwoord wat hy gee op die vraag of die ontgroening wel aan sy doel beantwoord of nie.

Die gesegde dat vorige inlywingsaksies baie meer straf was as die pasafgelope aksie, is net so oud soos die berge, en dui vir my die egoïstiese in die mens self aan. Dit is van geen waarde nie, en wel om die volgende rede: met die pas afgelope aksie is gepoog — en is daadwerklik daarin geslaag — om af te wyk van die oordrewe simpatieke houding wat soms teenoor eerstejaars ingeslaan is. Om geheel en al terug te keer tot die dae van die dertigerjare, sal geheel en al in stryd wees met die moderne ontwikkeling van die mens in sy sosiale verband. Om verder te gaan beweer dat die voorligtingslesings binne die inlywing val, dui op onkundigheid in hierdie saak. Feit is dat die voorligtingslesings aangebied word in die periode vóórdat die ou-here en ou-dames hier aanland, en voordat die ou-dames en ou-here hier aanland kan daar in werklikheid nie gepraat word van inlywing nie.

Die Studenteraad het nog altyd gepoog om die inlywingsaksies in die geheel te behartig, en alhoewel dit soms baie moeilik gaan, word myns insiens tog in hierdie doel geslaag, en wel om die volgende rede nl. dat ons inlywingsaksies die effektiefste blyk te wees van alle ander Universiteite se inlywingsaksies.

Die vryheid wat die Studenteraad gegun word t.o.v. inlywing, word inderdaad beperk deur wanpraktyke wat sig van tyd tot tyd voordoen. Kan u my egter enige inlywingstelsel noem waar daar nie moontlikhede tot wanpraktyke kan bestaan nie?

Die probleem bestaan.

Kan ons miskien verder gesels en die probleem in 'n meer praktiese lig beskou?

# „The sweet sweet mem'ries you gave me . . . ."



Nie sop nie, Drakerasie — SKEERWATER!




Merkwaardig!
Vriendelike diens!
Vriendelike mense!

**Die SENTRALE GARAGE**

**Potgieterstr. 39. Tel. 41**

VANSELFSPREKEND!



**GRADEDAG, U DAG VAN VREUGDE!**

***Daarom***

PLAAS NOU U BESTELLING

BY

BEYERS CLAASSEN



# melkkos . . . . . . en korsies



## *Verlief, Verloof,* X X X X X



## X X X X X *Gekys, en so voorts*

Net so vergeefs as die toustaners se moeite was, gaan u tevergeefs soek na „Goldrush"-hoogtepunte in hierdie uitgawe van DIE WAPAD.

Die aankondiging deur die betrokke minister dat ons 'n desimale geldstelsel gaan kry, moes noodwendig sy invloed hê op die aandelemark. Die ou-here weet op hierdie stadium nie watter verreikende gevolge die Rand gaan hê nie, daarom spaar hulle die tiekies. Daarom is daar 'n besondere traagheid merkbaar t.ov. „Goldrush"-aandele, en hoewel die mark feitlik oorlaai is, bly die aanvraag maar swak. Ons hoop die ekonomiese ontwrigting gaan nie lank duur nie.

### ALWEER!

Voor ons verder skinder en te kere gaan ,wil ons gou nog iets onder oë kry, nl. 'n begin en 'n einde. Die einde? **Mnr. A. Makkink** en **mej. Marie-Louise van Wyk** (nogal van Rhodes!) het 'n einde gemaak aan twee eensames. Die begin? **Mnr. en mev. A. Makkink** het 'n nuwe lewe begin, m.a.w. daar was alweer 'n trouery in die Puk-geledere. Moet ons nou nie verkeerd verstaan nie, ons sê daar was weer 'n trouery; ons sê nie mnr. en mev. Makkink het weer getrou nie. Dis die eerste keer wat hulle getrou het. Onder hulle besittings tel glo 'n uitstekende bromponie en 'n woonstel sonder ligte. Hartlik geluk, mnr. en mev. Makkink.

### WAT NOU?

Nou is ons „Goldrush"-probleem egter nog nie opgelos nie. Met vreugde het ons verneem van die pogings om 'n **skietklub** tot stand te bring. Ons hoop hulle skiet nie net met lood nie; 'n tiekie is ook soms doeltreffend! Ons doen dan hiermee 'n beroep op die ouhere om hierdie klub te steun.

Die aangeleentheid geniet verder die aandag van S.R.-lede. Daar is glo 'n mate van verdeeldheid, maar die meerderheid voel vir die oprigting van meer S.R.-kantore, wat dan **Takkantore** sal wees. Hier volg 'n voorlopige plan van plekke: Op **Warrenton** een met **Gert Hattingh** as verteenwoordiger; op Johannesburg (in die omgewing van **Helpmekaar**) een met **Abie Helberg** as ambassadeur, en, as die finansies dit toelaat, een in **Londen** met **Hennie van der Walt** as reisende organiseerder aldaar. Terloops, Hennie sê hy het nooit in Londen 'n **Kriek** hoor skreeu nie.

Ons hoop werklik hierdie onvermoeide ywer stabiliseer ons „Goldrush"-mark weer.

### 'N VRY VERTALING?

**VRYDAG is 'n vertaling van die Latynse „dies Veneris." Venus was die Romeinse godin van liefde, en die Germaanse godin FRIA, vrou van Wodan, is met haar gelyk gestel. Wat 'n liefdevolle Vry dag! Tussen hakies, Columbus het die vasteland van Amerika op Vrydag, 13 Junie 1492 ontdek.**

### ONDER DIE OË UIT.

Verlede keer is reeds melding gemaak van **Coti de Groot** en **Philip Hennop**. Hulle het egter so onder die oë uit verdwyn dat ons niks verder van hulle kon verneem nie. Dit gaan seker goed!

In die „Goldrush" is toe nog 'n kleim afgepen: **Danie Joubert** het ewe beskeie vir **Emma Jooste** vasgevang (of was dit andersom?).

Nog 'n ouheer, al is hy volgens Hans maar net ou **Chris Maritz**, het 'n door toe laat huistoe skryf: „Ma, ek is toe nie gekys nie."

**Rassie van der Westhuizen** het die „Goldrush" geboikot, omdat so 'n romantiese naam soos **Luna van der Walt** vir hom te veel was.

Sommer so tussen al die kyste en trouery wil ek graag aan 'n versoek van duisende van ons lesers voldoen: Die skrywer van hierdie onder-(n)onsies is niemand anders nie as **Outa in die Wapad.**

Tot volgende keer — flikkerende ligte!

### LAAT BERIG

(Marietjie Maritz en Chris Meyer is toe ondertussen gekys — so ook Lettie Coetsee en Francois du Plessis. Oulik. Baie geluk. Sal voornemende kysers asseblief in die vervolg hulself vergewis van die volgende verskyningsdatum van DIE WAPAD en hulle sake daarvolgens reël? Hierdie laat berigte gee my grys hare.—Red.)

### HAAI NOOIT!

**Hierdie een gaan swaar sluk: Die Amerikaners het nie „senuwees" ontdek nie. Dit is al in die jare her deur 'n ou Griek, Herophilus, ontdek. Miskien het hulle (die Amerikaners) darem „aspirins" ontdek.**

## hieroor en daaroor



*Jan Rap*

Die antieke statistieke verskaf uiters interessante gegewens oor die bou van die piramide van Cheops:

Tweemiljoen - driehonderdduisend kalksteenblokke is verwerk, vervoer en opgerig.

100,000 man het twintig jaar lank daaraan gewerk. Knoffel, radyse en uie was die stapelvoedsel van hierdie werkslui, en 'n totale waarde van 1,600 talente van hierdie voedselsoorte is verslind.

('n Talent in daardie jare was 'n groot som geld — naastenby £500. Nou wie kan vir my sê hoeveel randjies is dit?).

* * *

Ek kyk nog vandag met lang vrese na die woord ALGEBRA.

Op skool het hy my altyd binne in 'n sak en bo toe gehad.

En as die onderwyser daarvan praat, dan het dit altyd gevoel asof my kop die ene misweer is.

Dis miskien juis hierom dat ek naderhand begin wonder het wat die woord nou juis beduie.

Die woord is glo afgelei van die Arabiese **al-jebr wa'l muqàbala:** transposisie en verwydering (van terme van 'n vergelyking), en dit was glo die naam van 'n verhandeling deur Mahommed ben Musa al-Khwarizimi.

En nou voel ek glad nie meer so ontevrede met myself nie.

* * *

Ek mag glo hierdie keer nie lank gesels nie.

Die Redakteur het so skuins oor sy bril geloer en vir my gesê: „Sny kort, ou swaer — die hele blad is vol geskinder."

Dus moet ek sê: „Tot volgende keer" — as julle julle beter gedra!




**Bekwaalde Skoene?**

Bring hulle, sowel as FIETS-MOEILIKHEDE na

**DIE BULT Fiets- en Skoenwinkel**

Ook agente vir

BLITZ DROOGSKOONMAKERS


## *Tussen* ***ONS*** *gesê*



**Mnr. Schalk Buys** het onlangs verklaar dat hy vanjaar 'n uitgebreide studie gaan maak oor die onderwerp: „Het die verskyning van DIE WESTE op Dinsdae, Donderdae en Saterdae enige verband met die verskaffing van poeding op Dinsdae, Donderdae en Sondae in die koshuise?" Indien die resultaat positief blyk te wees, het mnr. Buys voorts verklaar, is hy bereid om as leier van 'n deputaatskap vir gereelder verskyning van genoemde blad op te tree.

**Mnr. Chris Bornman** het na afwesigheid van 'n paar jaar weer op die P.U. aangeland. Daar is glo twee redes vir sy terugkeer: Die tweede rede is dat die gereelde en lang werksure sy gesondheid aangetas het. Sy geneesheer het toe vir hom rus voorgeskryf. Die eerste rede? Op Pretoria is nie Dore nie!

**Mnr. André P. Brink** deel mee dat hy van plan is om die Puk eersdaags te verlaat. Die vrees wat hy al die afgeloepe sewe jaar koester, het nou werklikheid geword: die eerstejaars (selfs die Dore!) sien hom aan vir 'n tokkelok! Dit gaan dan ook die tema van sy volgende roman wees.

**Mnr. P. A. Pyper** is vanjaar ingeskryf vir die M.A.-graad in Geskiedenis. Dit gaan voorwaar geskiedenis wees: P.A. voor die naam en M.A. agter die naam. Contradictio in terminis? Ja-nee!

**Mnr. Lou van Wyk**, wat al enkele jare besig is met navorsing op die gebied van „Vermaering van Studente," het die volgende gesê: „Drie elemente moet nooit verwaarloos word nie, nl. eet, slaap en dink (of drink, na gelang van omstandighede). En dié drie moet reg gedoen word. My raad is: „Eet, slaap en dink (of drink) SABRA, maar moenie te hoog vlieg nie, dan kom jy nooit by die kongres nie."

### TUSSEN ONS GEVRA.

DIE WAPAD beloof 'n vry reis deur die Puk-gronde aan die eerste persoon wat voor of op Nuwejaar agt korrekte antwoorde op die volgende vrae aan ons stuur:

**WAAROM . . . .**

Blink **Annatjie Venter** se oë soos sterre?

Hink **Leon Swart** so op twee gedagtes?

Loop **Lien Fivaz** en **Martie Steyn** Huisbestuur?

Lewe **Corrie Scheepers** net vir naweke?

Neem **Loekie v. d. Schyff** soveel laat-aande?

Loop **Hendrien van der Walt** nie U.O.D. nie?

Dra **Doors van der Walt** so baie kwepers aan vir **Joan?**

Is die gesellige ligte voor **Thaba Jäh** en **Klawerhof** gedoof?





**AITSA!**

As die DAMES so sê
Koop die Jongeheer sy klere
by—

**J. TOD SUTTIE**

Kerkstraat 177 — Tel. 1
POTCHEFSTROOM.

**Die PADKAFEE** — **ROADHOUSE**



VERSKAF U 24-UUR DIENS MET donderend-STRELENDE MUSIEK DEURENTYD.

Spesialiseer in:

- WARMBRAKKE
- HAMBURGERS („Ham Citizens")
- MAALTYE EN VERVERSINGS.

# PUKKE IN WES-TRANSVAAL-KLEURE

TYDENS die vyfhoekige byeenkoms op die Park verlede Woensdag is **Christo Thuynsma** en **Kotie de Jager** van die Atletiekklub gekies om Wes-Transvaal op die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe te verteenwoordig. Kotie (wat die 440 treë in 51 sek. afgedraf het) sal aan die 440 en 880 treë deelneem, terwyl Thuynsma gekies is vir die 100 en 220 treë.

Die sportredaksie wens hierdie twee Pukke van harte geluk. Ons weet julle sal die P.U. se naam hoog hou daar tussen die **grootkoppe.** Sterkte!

Die volledige span is:

Gusta Frederickson (Goldfields) — Dames 100 en 220;
Christo Thuynsma (P.U.) — Mans 100 en 220;
Kotie de Jager (P.U.) — 440 en 880;
Rina Bierman (P.O.K.) — 80 meter hekkies en 220;
Stassen (P.O.K.) — 3 myl stap;
Esterhuyzen (Potch. Dorp) — Spiesgooi;
Duvenage (Landboukollege) — Vérspring en Driesprong.

**P.U.-Atletiekklub het die prestasie behaal om tweede te eindig op die jaarlikse interklubbyeenkoms wat verlede Woensdag op die Park gehou is. Aan Normaal, wat eerste was, ons hartlike gelukwense!**

Voortreflike prestasies is gelewer deur **Christo Thuynsma** (100 treë, 10.1 sek.; 220 treë, 22.4 sek); **Kotie de Jager** (440 treë, 51 sek.; 880 treë, 2de); **Alta de Kock** (Skyfwerp, 1ste; Spiesgooi en Gewigstoot, 2de); **Rita Bischoff** (Hoogspring, 1ste), **J. van der Walt** (1 myl, 4 min. 35.4 sek.), **Lionel Philips** (skyfwerp en gewigstoot), **Breytenbach** (2 myl, 1ste).

Ons atletiek is vanjaar werklik op 'n hoë peil en daar word met groot afwagting uitgesien na die Dalrymple, wat van 1—2 Mei op dieselfde baan plaasvind.

Die P.U.-Toutrekspan het sy beker behou deur Landboukollege op oortuigende wyse te klop. Baie geluk ook aan ons sterk manne!

## IPSO FACTO

(Vervolg van Bl. 1)

van die A.S.B. skaad geensins die verteenwoordigende karakter van die A.S.B. nie. Die individu wat bedank val weg van die periferie en nie van die kern nie. Dit is in kort die standpunt van die P.U. vir C.H.O.

Interessant is dit om 'n memorandum te sien, wat ons sopas ontvang het, wat juridies Stellenbosch se standpunt ondersteun en dat die regsadvies wat ons ingewin het, hierdie juridiese memorandum heeltemal repudieer.

H. J. D. v. d. Walt.



Hy begin met „Dames en Here . . ." en dan sing hy jou aan die slaap!

**Die Bult Haarkappers en Juweliers**
TOMSTRAAT 86A
Die BESTE ADRES vir HERSTELWERK aan HORLOSIES

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG"
BESOEK —
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
Allerlei • WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK
asook • KOELDRANKE en VARS LEMOENSAP
(5/- 'n halwe kan — 9/6 per gellingkan)
„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN"

Uit die mond van die suigeling . . . . !



Dameth en Heerge
**Die Bult Apteek**
IS TOT U DIENS
Vlak onder u Neus
Tomstraat 86 Tel. 3091

**PUKKE.....**



Vir julle BLERKASTE en ander ELEKTRIESE BENODIGDHEDE
**W. J. SPAVINS en SEUN**
Kerkstraat 101 Tel. 185

Drink die beste!
• PEP-A-GUAVA
• PEP-A-DILLA
• TING-A-LING
• TOPHAT
PEP-I-DOO
S & S
Drink
• SUPER ORANGE
• FRESH ORANGE
Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134
**POTCH MINERAL WATERS**



Vir
Kwaliteit
DROOGSKOONMAAK
stuur
na —
**WESTVAAL**

**RANDSE KOELKAMERS**
Eienaars van: **Central Slaghuis, Gamsu Slaghuis, Mahers Slaghuis, La Rochelle Slaghuis, Pfisters Slaghuis, Suid Slaghuis en Unie Slaghuis.**
**POTCHEFSTROOM.**
**ONS IS GROOT- EN KLEINHANDEL SLAGTERS**
en verkoop van die beste kwaliteit VLEIS, VIS, BOTTER, KAAS, en enige ander LEKKERNYE wat van vleis vervaardig word.
Koop van die plek waar alles **VAN DIE BESTE** verkoop word **en Beleefdheid niks kos nie.**
**ONS DIENSTE IS TOT U BESKIKKING**
Foon **1324** en **76.** Kerkstraat **110.**

# Nie langer Aspoestertjie van Somersport

**MET DIE WETE dat Bofbal aan die P.U. 'n nuwe stadium van ontwikkeling ingegaan het, kan beide bestuur en spelers terugkyk op die pasafgelope seisoen wat Woensdag, 11 Maart met 'n wedstryd teen Goldfields afgesluit is.**

**Sedert my kennismaking met Bofbal aan die P.U. drie jaar gelede is die sportsoort nog altyd deur drie faktore gekortwiek: Eerstens, die kort seisoen (Sept.—Nov.) waarin die sport aan die P.U. gespeel word, tweedens die redelike onbekendheid van Bofbal, en die belangrikste, die afwesigheid van 'n goeie, geesdriftige afrigter.**

Gedurende 1958 aanvaar mnr. Koos Bosman ('n oud-P.U.-kaner en bofbalspeler) 'n lektoraat aan die P.U. Hy het onmiddellik sy gewig by die Bofbalklub ingegooi, en dit het verreikende gevolge gehad vir ons Bofbal. Sy opborrelende geesdrif en aansteeklike entoesiasme het almal aangetas, en die ou siekte, naamlik die afname in belangstelling met die naderende eksamens het nie verlede jaar sy kop uitgesteek nie. Daar is besluit dat die Pukkies die jaarlikse Interuniversitêre Bofbaltoernooi te Kaapstad sou bywoon, en met die doel voor oë is daar kliphard geoefen. Afgesien van die gewone sportmiddae was die kêrels elke middag op die veld, en onder die leiding van Kapt. Nic Viljoen en die arendsoë van Oom Koos (soos ons mnr. Bosman genoem het) is daar heel onder begin met die elementêre beginsels van die spel. Ses van die spelers het toe pas bofbal begin speel, terwyl van die res slegs een of twee meer as twee jaar ondervinding gehad het.

### INTER-UNIVERSITÊRE TOERNOOI

Na 'n paar oefen-wedstryde teen Proefplaas het die span na Kaapstad vertrek. Na 'n afwesigheid van twee jaar is die Pukkies met oop arms ontvang, en daar ons as beginners gereken is, wou almal net hulp aanbied by die span se oefeninge. Ons was dankbaar daarvoor, veral vir dié van Jimmy Persehouse, die Natalse Springbok.

In die eerste twee wedstryde trap Ikeys en Maties ons sleg uit. Onder die gedurige aansporing van Oom Koos bly die manne steeds gewillig om net die beste te lewer, en sorg die Pukkies vir 'n eersterangse verrassing deur Wits met 7—3 in 'n spannende wedstryd te klop. In die wedstryd was Andrew Makkink die held met sy akkurate gooiwerk. Waar hy nou die spel vaarwel toeroep, wil ons hom bedank vir sy aktiewe deelname die afgelope jare.

In die laaste wedstryd teen Natal is die Pukke toe baie opgesweep en moes Natal, wat tweede geëindig het, lelik spook om 17—12 te wen. In die wedstryd het Rassie van der Westhuizen met sy gooiwerk onderskei, en Gustav du Toit met skitterende vanghoue.

Alle eer dan aan Oom Koos Bosman wat in ses weke se tyd 'n onervare span afrig om met eer uit 'n Interuniversitêre toernooi te kan tree.

### NUWE RIGTING INGESLAAN

Om te toon dat dit nie 'n tydelike opflikkering was met die oog op die Toernooi te Kaapstad nie, het die span die afgelope paar weke aan die vriendskaplike liga in Wes-Transvaal deelgeneem. Dus is 'n nuwe rigting ingeslaan, want tevore is daar nooit gedurende die eerste kwartaal Bofbal gespeel nie. Die mikpunt was tweërlei; naamlik, om die seisoen te verleng om sodoende die spelers meer kans vir ontwikkeling te bied, en tweedens, om die belangstelling van die Eerstejaars gaande te maak.

In beide oogmerke is goed geslaag: soveel Eerstejaars toon belangstelling dat 'n tweedespan (moontlik vir die eerste maal in die geskiedenis) in die veld gestoot kan word teen Proefplaas. Hierdie spelers kan by die aanvang van die volgende seisoen reeds volwaardige Bofbal speel.

Maar nog belangriker is die sukses waarmee die Pukkies aan sewe wedstryde van die vriendskaplike liga kon deelneem. Nou kon die span die vrugte pluk van die ondervinding wat hulle opgedoen het tydens die toernooi, en moet voorbokspanne in Wes-Transvaal, soos Western Reefs en Goldfields West elk by 'n geleentheid die knie buig voor die Pukkies. Van die sewe wedstryde wat gespeel is, is vyf gewen, een verloor en een gelykop gespeel.

Die wedstryde teen Western Reefs op 4 Maart sal nog lank onthou word, veral vir die lekker kolfwerk van die hele span en die hegte samespel. Verder, vir die goeie verstandhouding tussen Rassie van der Westhuizen en Frans de Bruyn as gooier en vanger onderskeidelik; Toy Dannhauser se kragtige bofslopie, en Jan Boneschans se bestendige spel op eersterus. Maar bowenal, die vuur en geestigheid, iets wat sy beslag tydens die toernooi gekry het, waarmee die spanlede vanaf die kantlyn medespelers aangemoedig en opponente ontmoedig het. In die eerste wedstryd teen Goldfields was dit weer die veilige spel van die alsydige Leon Porter en 'n verrassende debuut van Piet Bosman op vanger wat onthou kan word vir die toekoms. Laastens beskik die span oor 'n bestendige speler in Piet Oescher op derderus.

In die buiteveld kan Mannetjie van der Berg en Gustav du Toit 'n barshou vang.

Ook 'n laaste woordjie van dank aan kaptein Nic Viljoen, wat nie sy studies voortsit nie, vir sy entoesiastiese deelname aan die spel die afgelope jare.

Aan alle Bofbalbelangstellendes die volgende nuus: daar is die moontlikheid van 'n Interuniversitêre Toernooi te Durban geedurende die komende Julievakansie, en 'n vasgestelde Intevarsity teen Wits in September vanjaar.

Kom Pukkies, laat ons die belangstelling en ywer hoog hou vir hierdie baie gesonde somersport, waarvan so baie van ons nog te min weet om dit werklik te kan waardeer.

A. J. Viljoen.



**FRANS DE BRUYN**
**Eerstespan-kaptein**



**CHRISTO THUYNSMA wat gekies is om W.-Tvl. op die S.A. Atletiekkampioenskappe te verteenwoordig.**

# Rugbyspelers Begin Sweet

**Die weer begin koel word, die winter kom nader, en die manne begin gereed maak om die eier rond te gooi. Ja, die rugbyseisoen is al weer hier. En die P.U.-eerstespan (al het hy nog nie 'n naam in die plek van THEOS nie!) is vol planne vir die 1959-seisoen. Daar is die gewone liga, die Swartetjies en sommer baie ander dinge wat gedoen moet word, om nie eens van Intervarsity te praat nie.**

Die Rugbybestuur het vanjaar tot 'n nuwe stap oorgegaan, nl. die aanwysing van 'n volbloedkeurkomitee vir die eerste en tweede spanne. Die komitee bstaan uit dr. Hertzog Venter, mnr. S. du Toit, prof. W. N. Coetzee, mnr. Jan Henning en mnr. F. R .P. de Bruyn, sr. By die ander spanne sal die breier nog in beheer van die kies van spanne bly.

Ons beste wense aan Frans en al sy spelers. Ons weet dat die P.U. weer sy merk op Wes-Transvaal se rugby sal laat, om nie eens van die Oukies te praat nie!

Id. W.

## Nuwe Talent.

Daar is ook sommer 'n hele paar nuwe kêrels wat pogings sal aanwend om hierdie keurkomitee se oog te vang. **Van Schalkwyk,** 'n man wat 6' 4½" in sy sokkies staan en die skaal op 228 pond trek, en **Meyer** is manne wat die wêreld vir **Maarten** en **Herman** warm gaan maak in die slotposisie. **Lionel Philips, Du Preez** en **Swart** (skrumskakel) is nuwe aanwinste in die agterlyn. Veral Swart, 'n knap skrumskakel, het reeds baie ondervinding opgedoen. Van verlede jaar se spelers is daar egter nie baie verlore nie, want met die uitsondering van Kort Stoney Steenkamp is die hele eerste span weer terug. Ons kan dus 'n agtermekaar vyftiental verwag wanneer FUK eerskomende Saterdag, 21 Maart, teen Sasolburg uitdraf. Die wedstryde vind hier plaas, en daar word pogings aangewend om met al ses spanne te speel.


## Afrigters.

Ook die onder-negentien-spelers beloof om mekaar kwaai kompetisie te gee, en hier kan moontlik vanjaar drie spanne in die veld gestoot word. Mnr. **Jannie Schutte,** organiseerder van die Universiteit, neem weer die afrigting hier waar, terwyl die twee Gimnasiumonderwysers, mnrr. **Jan Henning** en **Joggie Hattingh,** verantwoordelik is vir die afrigting van die seniorspanne. En dit lyk vir my of hierdie manne die rugbyspelers werklik laat sweet.

MODERNE DOKTERS?

**"The Physician who killed me,**
**Neither bled, purged or pil'ed me,**
**Nor counted my pulse; but it comes to the same,**
**In the height of my fever I thought if his name."**
**Nicharchus (100 A.D.)**

(Gedruk deur Enslins, Potgieterstraat 31, Potchefstroom).


DAAR IS GOEIE REDES VIR DIE MEESTERGROOTTE

Rembrandt MEESTERS

FILTER DE LUXE

RMFA 16